# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

1STE TERMYN 1985


# 'N AFFIE DROOM BEWAARHEID

## AFFIES OP DRAFSTAP NA INTERHOËR

**AFFIES het vroeg vanjaar begin met sy voorbereiding vir Interhoër. Ter voorbereiding is verskie atletiekbyeenkomste gehou, met puik uitslae.**

**Interhuis**

Op die Interhuisatletiekbyeenkoms kon die eerste tekens van 'n sterk atletiekspan reeds gesien word. Die langafstandatlete het puik vertoon, vir so vroeg in die seisoen en in die velditems is skitter prestasies gelewer. Corné van As (3,50 m in die paalspring), Stephan Cornelius en Meyer Nel (albei gewigstoot) was die groot uitblinkers. Tydens dié byeenkoms kon Quintin Blake die enigste baanrekord verbeter in die 400 meter seuns onder 16 in 'n mooi tyd van 51,74 sekondes.

Die spangees was puik, die atlete slaggereed en selfs die toeskouers gemotiveerd. Dit was 'n week van afronding, motivering en afwagting. Interhoër het aangebreek en Affies se sterk atletiekspan kon wys wat in hul steek.



*Na 17 j. hou Affies weer die Wenskild vas. Jeanette Malherbe (links) en Johan van Heerden (regs).*

## *WEN ALWEER, WEN ALWEER, WEN ALWEER*

***OP 28 Februare is een van die grootste Affiedrome ooit verwesenlik — na 17 onsuksesvolle pogings het die sterkste Affie-atletiekspan ooit, weer die beker van Interhoër af teruggebring.***

Nie net die feit dat die seuns en meisies hierdie keer saam as span gewen het was van belang nie, maar ook die feit dat Menlopark van sy troon as die beste atletiekskool in die land afgestoot is.

Maklik was dit egter nie. Na die seuns se nederlaag met 'n skrale 4 punte agter Menlopark verlede jaar en die meisies se waterloo in die C-Bond, het die Affie veggees weer na vore gekom. Daar is hande gevat en hard gewerk. Veral die middelafstand atlete het van verlede seisoen af hard gewerk en die soete vrugte van hul harde arbeid reeds vroeg in die jaar gepluk. Vars talent van junior leerlinge het bygedra tot die verbetering in atletiekprestasies. Reeds in die vriendskaplike byeenkomste het die wit en blou golf alle teenstand platgevee.

Nie net die atlete nie, maar ook die ondersteuners (Affies sowel as Oud-Affies) was vanjaar gemotifeerd om weer posisie op die top in te neem. Weke voor die tyd is daar "Sings Songs", gehou en geoefen aan Afrikaanse liedjies wat goed vertoon het op Interhoër.

Toe die dag van Interhoër aanbreek, was die goed ge-oliede Affiemasjien gereed om alle teenstand in sy pad te verpletter. Sowel atlete as toeskouers was goed voorbereid. Die gemotiveerde toeskouers het telkens met luide toejuiging 'n atleet oor die wenstreep gedra.

Verskeie atlete het ook deur die jaar en op Interhoër gekwalifiseer vir die Noord-Transvaalse en S.A.-Kampioenskappe. S. de Beer, T. Adelaar, H. Brummer, J. Booysens, F. Stroh, C. Angelo, L. Kleynhans, C. van As en I. Kelbrick het vir die S.A.-kampioenskappe gekwalifiseer.

Alhoewel ons nie met die sangbeker weggestap het nie, was die oorwinning op die baan genoeg. Die eindtotale het as volg gelyk:

Affies:
Meisies 116 Seuns 261 Totaal 377.
Menlopark:
Meisies 163 Seuns 182 Totaal 345.
C.R. Swart:
Meisies 157 Seuns 158 Totaal 315.
F.H. Odendaal:
Meisies 146 Seuns 119 Totaal 265.
Voortrekkerhoogte:
Meisies 61 Seuns 186 Totaal 247.
Gerrit Maritz:
Meisies 142 Seuns 101 Totaal 243.
Oos Moot:
Meisies 85 Seuns 106 Totaal 191.

Met so 'n puik oorwinning lyk dit of Affies weer op 'n baie suksesvolle sportjaar afstuur. Gelukwensings is van oral oor die land ontvang. Verskeie mense en instansies het saam met die Affies gejuig en sien saam met hulle uit na 'n goeie jaar.

**Hoogtepunte en rekords:**

Dertien nuwe rekords is deur die Affies opgestel. Twaalf daarvan was individuele rekords terwyl die seuns O/16 se 4x100m aflos-span die ou rekord met 1,5sek. verbeter het. Die twaalf het ook elkeen 'n medalje as wenners in hulle onderskeie afdelings verower. Die medaljewenners was: Anoet van den Berg (spronge D O/15, naellope en hekkies), S. Swart (worpe D O/15), Q. Blake (middelafstande, naellope en hekkies S O/16), F. Stroh (middelafstande S O/17), A. Bekker (spronge S O/15), R. van Vuuren (Beste veldatleet D O/13), J. du Plessis (middelafstande S O/14), P. Mostert (worpe S O/14), S. Cornelius (worpe S O/15), N. Duvenhage (spronge S O/14).

## SWEM AFFIES SKITTER STEEDS

**DIEPTE, gemotiveerdheid en spangees het Affies Woensdag, 13 Maart, die A1-ligagala laat wen.**


Reeds na die eerste puntelesing was die seunspan voor met 2 punte en die meisies 2de met 4 punte na Hendrik Verwoerd. 'n Paar skitterende vertonings het gevolg waaronder Jan Bekker, Henry Miles, Ettiene Eigenberg, Sharon Scribante, Ilse Lüderriz en Juanita Rademeyer individuele oorwinnings behaal het. In die aflosnommers het Affies geseëvier. Feitlik elke aflosnommer is gewen.

Die opwindendste item van die dag was die 4 x 50 meter ope wisselslag aflos met Lorinda Botha, Mardie Roos, Petro Visser en Linda Hesse wat daarin geslaag het om die agterstand op Menlopark in die laaste been in te haal en hulle net-net te klop.

Die finale puntestand was soos volg:

Affies: Meisies 220; Seuns 225.
Menlopark: Meisies 171; Seuns 204.
C.R. Swart: Meisies 168; Seuns 158.
Hendrik Verwoerd: Meisies 137; Seuns 99.
Overkruin: Meisies 103; Seuns 112.
Waterkloof: Meisies 78; Seuns 135.
Erasmus: Meisies 74; Seuns 65.

Baie opofferings, vroeg-opstaan en harde oefening was alles die moeite werd — weer eens het Affies gewen!




*Interhoër Swem: In gespanne afwagting op die afsitter se fluitjie.*




*Jacques Ferreira (l) en John du Plessis (r) op pad om die lint te breek.*

## BAIE GELUK AFFIES!!

# REDAKSIONEEL

## Redaksie



**Redakteur**
Awie Marais
**Redaktrise**
Melissa Cronje
**Sub Redakteur**
Stephan de Beer
**Sub-Redaktrise**
Lorinda Botha
**Algemeen**
Louis Pretorius — Marlise de Vos
Gordon Verster — Maryke de Beer
Johan Stumpf — Carla Pretorius
Herman Rolfes — Hanneke van der Westhuizen
**Sport**
Johan Beyers — Ute Robbertse
Johan van Rooyen — Nicolette Rose-Innes
Fanie Hartman — Karen van Vuren
Con Purchase — Gené Visagie
Jacques Engelbrecht
**Kultuur**
Hennie Jordaan — Senta van der Merwe
Alistair Moorhouse — Elda Kleynhans
Johannes Venter — Juanita du Venage
Danie Brand — Esthea van Schalkwyk
**Foto's**
Nico Kriek — Karien Steyn
Naas Raubenheimer — Andrea Steynberg
Nico Olivier
**Advertensies**
Dirk Wynbeek — Hedwig Barry
Esté Windell

## REDAKSIONEEL

**VERLEDE jaar is daar gegis oor wat gaan gebeur wanneer die Meisieskool en Seunskool se punte weer gaan saamtel in die A-bond op Interhoër. Daar het ook 'n meningspeiling in Stroom-op verskyn en negatiewe sowel as positiewe kritiek is ontvang. Menlopark, Affies se antagonis, het ook stil-stil gejuig oor dié nuwe verwikkelinge.**


MAAR!, toe kom die gekombineerde Affies en op 28 Februarie 1985 byt Menlopark behoorlik in die stof. Vir die eerste keer in 17 jaar is dit nie Menlopark nie, maar Affies wat wegstap met die bekers. By die Interhoër swemgala maak albei skole weer skoonskip en behaal dus weer 'n tweede groot oorwinning.

Graag wil die redaksie van Stroom-op nou van hierdie geleentheid gebruik maak om al ons atlete en swemmers van harte geluk te wens en te bedank vir al hul harde werk en opoffering. Aan elke Affie, baie geluk met jóú puik skool en al het ons nie die geesbeker gewen nie, voeg ons dit weer volgende jaar by ons reeks oorwinnings.

Soos 'n bekende aktrise in teaterkringe onlangs tereg gesê het, "Ek was in die "regte" skool en. . ." Dit blyk nou dat Affies weer eens volstoom besig is om die "regte" skool te word.

Nogmaals geluk!

*Redaksie '85*
*Melissa Cronje 10B*



Die gevierde Mnr. A.P. Bezuidenhout

## Oud-Affie van die Termyn

**IN Januarie 1949 is Aalwyn Petrus Bezuidenhout as jongman, in permanente hoedanigheid by die Personeel van die Afrikaanse Hoër Seunskool aangestel. Hier het hy reeds van die begin af hom met volle oorgawe beywer vir die opvoeding van ons land se jong seuns.**

**Sy Lewe**

As mens het sy kollega's, die leerlinge en ouers hom in die klaskamer en op sportgebied as 'n toegewyde en lojale onderwyser geken. Hy was altyd gewillig om 'n goeie luisteraar te wees, leiding, raad en kritiek te gee. Op sy kenmerkende rustige manier het hy daartoe bygedra om deur sy mooi menseverhoudinge vir talle seuns die lewenspad vorentoe sinvol te open. Na vele jare met 'n herontmoeting, word vele staaltjies herlewe tot groot genot van oom A.P. Sy grootste belangstelling op sportgebied het tennis geword. Hier het hy hoë hoogtes bereik wat seker moeilik geëwenaar sal kan word. Vandag kan vele van ons land se voorste tennisspelers reg oor die wêreld seker tereg sê dat mnr. Bezuidenhout 'n groot aandeel in die vordering van hulle tennisloopbane gehad het.

Met entoesiasme en ywer het hy deur die jare elke speler tot groot hoogtes gemotiveer en al Affies se top tennisprestasies is aan hom te danke. Hy het dan onder meer tennisspanne vergesel na die destydse Rhodesië en Mosambiek. In 1970 vergesel hy die eerste skolespan ook na Engeland waar hy vandag nog met lus kan gesels oor die aangename wedervaringe teen vooraanstaande skole in Engeland.

Hy was 'n stigterslid van die huidige Tennis Administrateursbeker, wat sedert 1972 al agt keer deur Affies verower is.

Die gesogte Appletizertrofee is dan ook onder sy bekwame leiding, vyf uit die tien keer gewen.

Saam met die Meisieskool en die hulp van mej. Lettie Swart het hulle ook daartoe bygedra dat Affies jaar na jaar die gemengde liga's in Pretoria gewen het.

**Sy Werk**

Administratief was oom A.P. sedert 1969 sekretaris van die Noord-Transvaalse Skole Tennisvereniging en sedert 1972 voorsitter van dié Vereeniging. Die Noord-Transvaalse Tennisvereniging het dan ook vroeg vanjaar 'n skrywe aan hom gerig waarin hulle lewenslange Ere-Presidentskap aan hom toeken. "Hartlik geluk, dit is die kroon op jare se liefdevolle en onbaatsugtige diens."

In 1951 is hy met Pam Keyter, 'n onderwyseres van Clocolaan getroud. Uit die huwelik word twee dogters en 'n seun gebore - Aldrie "Affies". Sy liefde vir onderwys het hy ook op sy kinders oorgedra en vandag is sy twee dogters onderwyseresse aan bekende Hoërskole in die stad. Hy maak nog verder geskiedenis deurdat hy vir sy een skoonseun op Affies skoolgehou het en saam met die ander skoolseun mede-kollega's van Affies se personeel was. Vandag kan hierdie gesin dan tereg sê dat hulle voortbou op die tradisie van 'n "ware Affiewees".

**Algemeen**

Oom AP het buiten tennis ook 'n groot voorliefde vir gholf, jag en visvang. Ons verneem dan ook dat hy nou gereeld weer gholf speel en in die afgelope twee maande sy voorgee al drasties verminder het.

Sy ander liefde is sy plaas in die Noord-Transvaalse Bosveld. Hier span hy tans vir twee na drie weke uit waar hy hom uitleef tussen sy beeste en in die nabyheid van die natuur.

Oom AP het die tuig neergelê, 'n lewensroeping is vervul en vir ses en dertig jaar lê sy spore diep getrap in die Affie- tradisie en kultuur.

## *Leserspen/Briewe*

*Liewe Foto-redaksie*

*Hierdie brief handel soos menige voor hóm, ook oor die fotoblad. Dankie vir die dubbel foto-blad wat terug is, maar kan ons nie meer aksiefoto's daar sien nie. Geposeerde foto's sê regtig nie veel nie.*

*By voorbaat dank*
***Die foto-maniakke***

*Liewe Leser,*

*Baie dankie vir die talle briewe wat ons ontvang het. Soos julle seker besef kan ons nie al die briewe plaas nie, a.g.v. 'n tekort aan ruimte.*


*Al twee die briewe wat gepubliseer is in hierdie uitgawe van Stroom-op handel oor foto's en die fotoblad, aangesien foto's aktueel in Affieland is. Affies julle moet asseblief aanhou skryf. Dit help ons om die koerant te skryf na aanleiding van wat julle graag wil sien en lees. Ons hoop dat die pretblad wat ook in hierdie uitgawe gaan verskyn, aan jul stoutste verwagtinge sal voldoen.*

*Wat die koerantkompetisie betref voldoen ons eers aan ons lesers se vereistes en dan aan dié van die beoordelaars.*

*Geniet Stroom-op, dit is julle s'n.*

***Redaksie '85***
***Melissa Cronje 10B***

## JEUG BETEKEN. . .



● Jonkwees, is bloed wat bruis deur die are, met oë wat vonkel van onnutsigheid en 'n lus-vir-die-lewe uitdrukking wat die vaalste ou dag kan opkikker. Jonkwees is 'n gesonde liggaam en spiere wat die heerlike uitdaging van die atletiekbaan of rugbyveld sommer maklik hanteer. Jonkwees is drome droom en huil en lag en opgewonde wees en verlief raak!

● Entoesiasme, die lus-virenigiets, die "Ja, ek sal help, ek sal daar wees, ek kom!" wanneer ouers eise stel, wanneer die huiswerk roep, wanneer onderwysers vra en die ganse lewe sy uitdagings bied;

● Uitgeworpenheid wanneer niemand verstaan nie, as vriende teleur stel, 'n liefdesverhouding nie werk nie, 'n belofte wat 'n vertroueling gemaak het, gebreek word, iemand wat belangrik was weggaan, wanneer die wêreld sy rug op jou keer;

● Godgewenheid. Want alle ouers is deur God in hierdie wêreld 'n plek gegee, die kind is aan sy ouers gegee en hulle aan hom — en die jongmens word 'n spesiale plek gegun in die hart van die Vader wat met liefdevolle ontferming in Sy Groot Boek laat skryf het: *"Laat niemand jou jonkheid verag nie."*

*B. Hönck*

## *Die Affie-Sukses Masjien*

**VANJAAR het vir Affies met skitter hoogtepunte begin. Vir die eerste keer in 17 jaar het Affies weer as oorwinnaars van Interhoër af teruggekeer. Die daaropvolgende oorwinning met die Interhoër swemgala, het bewys dat die Affies 'n trotste nasie is, wat op alle terreine waardige mededingers vir opponnente is.**

Dit is waar dat Affies as 'n sport- kultuur- en akademiese reus beskou kan word. Maar waarop loop die Affie-sukses Masjien!


Die oorgrote meerderheid meen dat slegs die werklike presteerders die wa deur die drif sleep en die uiteindelike sukses van die Affiemasjien bepaal. In werklikheid steun Affies op sy fondamente — die gewone Affie wat altyd bereid is om sy deeltjie by te dra. Alleen deur die steun van bereidwillige, getroue Affies kan die skool as 'n kampioenskool verrys.

Geen Affie kan dit bekostig om op sy louere te rus en te roem op verbygegane prestasies nie. Vir alles wat jy in jou skool insit, ontvang jy 'n dubbele beloning terug.

Die sukses van die Affie-masjien hang van elke leerling in die skool af. Dra jou deeltjie by — dan sal Affie steeds die kampioen bly!

*Awie Marais*

# Affies groet 'n Ware Leier — Mnr. Nathaniël Cornelius Roesch



**TWAALF jaar gelede, op 1 Januarie 1973, is mnr N C Roesch as adjunkhoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool aangestel. Na 'n jaar as waarnemende hoof, word mnr Roesch op 1 Januarie 1975, aangestel as die vyfde hoof van 'n skool met 'n ryke tradisie.**

**Integriteit**

Mnr Roesch het hom met toewyding aan sy groot en verantwoordelike taak gewy. Die stempel van sy aandeel aan die bou van die skool, is duidelik agtergelaat. Sekere kenmerke van mnr Roesch het elke leerling en personeellid opgeval, dit het gespreek van 'n man met integriteit.

Sy menslikheid was vir almal wat met hom saamgewerk het, onmiskenbaar. Die belang van elke personeellid en elke seun was vir hom 'n saak wat hy op die hart gedra het. Mnr Roesch se menseverhoudings het getuig van diepe mensekennis en 'n deernis vir sy "kinders" se probleme. Hy het jou altyd menswaardig laat voel.

Mnr Roesch het 'n sterk vertroue en geloof in sy medemens geopenbaar. Al het sommige hom in dié opsig teleurgestel, het hy steeds moed ingepraat en help bou aan die skool se karakter.

**Betrokkenheid**

Waar ander hoofde, geboue of pawiljoene agtergelaat het, lê mnr Roesch se grootste nalatenskap in die ontwikkeling van die potensiaal van personeel en leerlinge. Sy betrokkenheid by die lief en leed van die skool, die aanvaarding van teleurstellings asook die deel van vreugde en blydskap, is vir elkeen 'n navolgenswaardige voorbeeld. Onder sy bekwame leiding is talle personeellede bevorder.

Mnr Roesch het die visie gehad om die Oud-leerlingbond sterk op die been te bring. Vir alles wat mnr Roesch beteken het, sal die voorbeeld wat hy gestel het lank by ons bly voortbestaan. Sy Christenskap is 'n voorbeeld vir Affies, 'n lewe van toewyding aan Hom wat roep om te dien met woord en daad.

Affies groet 'n ware leier. Tot siens, maar nooit vaarwel nie!


**SINGER**
**SEWING CENTRE**

Esselenstraat 261, Sunnyside, Pretoria 0002

Vir . . .
Diens en Herstel van Naaimasjiene
Ons het ook 'n groot verskeidenheid kant, knope en ander naaldbenodighede


# AFFIES VIER FEES


**DIE voorbereiding van die waatlemoenfees was chaos. Ons is met 'n bakkie mark toe en moes met sestien waatlemoene terugkom. Die arme bakkie was tot by sy dak vol gelaai met waatlemoene. Te danke aan 'n paar koshuis-standerd-sesse is al die waatlemoene afgelaai, in die swembad gegooi en dit het soos jong seekoeitjies daar rond gedryf.**

Ses-uur het die fees begin. Die waatlemoene is een-een uit die swembad "geduik" en geslag. Elkeen het darem 'n stukkie gekry en binne 5 minute was daar 'n bloedige geveg aan die gang. Die wat gedink het hulle gaan na 'n formele "gesellig-heidjie" toe, is gou-gou aarde toe gebring deur 'n hou. . . en 'n smeer teen die kop en daarna 'n verfrissende en "reinigende" afkoel in die swembad.

Daar is tot om en by half-agt fees gevier, toe almal gewond en "bebloed" huis toe is.

Die gewondes is vir 2 weke daarna nog gekenmeker aan "duisende" bloukolle en seer lippe.

*Anne Pienaar*



*Die "Wille Bulletjies" storm alweer oor na die Meisieskool*

# A.H.M.-HOOF KONDIG UITTREDE AAN

## Afskeid neem van 'n legende

**DIE alombekende en vir 21 jaar geliefde hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool het onlangs haar uittrede aangekondig. Die Affies, onderwyseresse en ouers is verslae en nog besig om aan die gedagte van Affieland-sonder-Juffrou gewoond te raak.**

Hoe neem 'n mens afskeid van 'n legende? Hoe sê jy dankie? Hoe verjaar 'n mens vir oulaas tussen jou dogters? Hoe belewe 'n mens die laaste Kerkafsluiting? Dit is vrae waarop niemand kan — of wil — antwoord nie.

Wat die Affies wel weet en waarop almal vir die oorblywende termyne van hierdie jaar ingestel is, is om dit 'n wenjaar, 'n blomjaar, 'n triomfjaar te maak. Hoe anders kan 'n mens hulde en eer bring aan 'n moeder, geliefde onderwyseres en gevierde Hoof?

# DIE JEUG

**WIE die jeug het, het die toekoms.**

Die hoogsgeïndustrialiseerde samelewing beleef tans 'n storm van vernadering wat eerder toeneem as afneem. Dis asof die toekoms soos 'n onverwagte besoeker net te vinnig en te snel op ons afstorm. Waar ons vir 10 000 jaar 'n landbousamelewing was, en vir die afgelope 2 eeue 'n geïndustrialiseerde samelewing, staan ons op die drumpel van 'n superge?ndustrialiseerde samelewing. Ons toekoms gaan een van die mees opwindendste tydperke in die geskiedenis van die mensdom wees. 1500 N.C. is daar 1 000 boeke per jaar in Europa gedruk. Teen 1950 is daar reeds 120 000 boeke in Europa alleen gedruk. En teen 1975 is daar wêreldwyd 1 000 boeke per dag gelewer. DInk hoe dit oor 10 jaar gaan lyk.


Die spreuk: "Kennis is mag", sal verander moet word na: "Kennis is verandering". Nuwe uitvindings sal so snel op mekaar volg, dat ons dit wat ons die dag leer, die volgende dag weer sal moet vergeet. Die rekenaar word sedert 1965 gebruik en as hy in sy eerste 20 bestaansjare soveel vordering gemaak het, dink net hoe gaan hy vir die volgende 20 jaar vorder.

Die afgelope atletiekseisoen is daar weer op alle byeenkomste 'n paar rekords gebreek. Die vereistes aan 'n atleet word dus al hoe groter en atlete word op al hoe jonger ouderdomme gedruk om top prestasies te lewer. Gaan die myl in die toekoms nog vinniger gehardloop word?

Kan die jeug met sy opvoeding al hierdie veranderinge hanteer? Kan die jeug met sy kennis, opvoeding en onderrig, werklik die toekoms vreesloos binnegaan? Ek glo hulle kan. Maar hoe? Die antwoord lê in die Woord van God wat deur al die eeue vir alle mense in nood vertroosting gebied het.

Ek sien geen rede waarom ons nie in die eeu van die rekenaar nog op God se woord kan vertrou nie. En ek wil ten slotte uit die Bybel herhaal:

*"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord."*



*Die Jeug van gister?*

# Geslyp op Affies

**WAT is die belangrikste element om 'n waardige Affie te word? Daar is sekerlik net een antwoord: Voldoende oriëntering, of beter bekend as ontgroening.**

'n Affie moet goeie riglyne hê om van hom 'n beter mens te maak. Waar kry jy beter matrieks as dié van 1985 om die riglyne neer te lê?

**Doel:**

Die doel van oriëntering is om 'n beeld van die skool en van jou plek in die skool te skep. Dit moet natuurlik met die nodige verantwoordelikheid gedoen word. Ons as standerd 6-leerlinge voel ons 'n hegter eenheid na die oriënteringstydperk. Die eerste paar dae was sekerlik die ergste. Jy is dan so op jou senuwees dat 'n mens met jou kan toor! Al wat jy as standerd 6-leerling moet doen, is om lekker saam te werk, en uit te hou, want volgende jaar is Affie-wees lekker.

**Groot vermaak:**

Ek wil graag een iets uitlig: Die groentjiekonsert, om die inlywingsweek af te sluit. was groot vermaak. Onderwysers is nageboots, musiek is gemaak met klavier en 'n sanggroep en na al die swaarkry, was dit die botter op die brood. Almal het dit geniet.

Ek hoop die volgende jaar se matrieks, ook sulke goeie riglyne sal voorhou, soos dié van 1985!

Laat daar lig wees!

*Louis Herman (St 6)*


Affie ouers koop graag by hul gunstelling Oud-Affie Uitrusters . . . .

**Die Kelder**
(Edms) Bpk.

**25% Korting vir Kontant**
**15% Korting op Koopverenigings**
Alle voorraad onvoorwaardelik gewaarborg

**Transvaliahuis, Vermeulenstr. 286, Pretoria 0002**
**Telefoon 211137**

# Die Blaasorkes

**DIE blaasorkes het hierdie jaar groot planne!**

Ons hoop om die goue medalje in die kunswedstryd te wen. Hiervoor oefen ons reeds baie hard. Daar was alreeds vanjaar vier optredes deur die Blaasorkes — vele lê nog voor.


Vroeg vanjaar is besluit om vir die orkes 'n uniform te ontwerp. Na vele oorwegings is daar besluit op 'n groen broek met 'n goue systreep.

Danksy die aansienlike korting deur Singer en Edgars, kon die broeke aangeskaf word. Ons wil graag dan ook ons dank betuig aan Edgars en Singer vir hulle vriendelike en hoflike diens.

Aan mnr. Booysen ons hartelike dank vir al sy moeite en reëlings in verband met die uniform. Ook aan mev. Lombaard die kunsonderwyseres en alle ma's ons hartlike dank vir die maak van al die uniforms.

Ons hoop die skool geniet ons musiek hierdie jaar.

# KADETORKES



*Francois du Toit lei sy orkes in die Jooloptog.*

# *Jeugjaar '85 — 'n Oproep aan ons Jeug*

**DIE jaar 1985 behoort 'n besondere gebeurtenis vir 'n ieder en 'n elk te wees. Wêreldwyd is hierdie jaar opsy gesit vir die jeug, in besonder vir dié wat behoeftig is.**

Stalin het die waarde van die jeug baie goed besef toe hy gesê het dat hulle die toekoms van 'n land is. Sonder 'n jeug het 'n land nie 'n toekoms nie en met 'n slegte jeug, het 'n land nog minder 'n toekoms.

Een van die groot doelstellings van Jeugjaar '85 is om ons jeug wêreldwyd in beter omstandighede te laat groot word. In Suid-Afrika is daar reeds verskeie fondsinsamelings gehou vir kindertehuise en behoeftiges.

Ten spyte van sulke goeie bedoelings tenoor die jeug neem jeugmisdaad by die dag toe en het dit tyd geword dat ons bietjie hand in eie boesem steek. Steek daar nie tog waarheid in bewerings dat die jeug slap en rugraatloos is nie?

Wat moet die publiek bv. dink wanneer hulle 'n leerling van 'n bekende skool in 'n openbare bus, waar rook buitendien verbode is, met sy skoolklere aan sien rook? 'n Ander probeer volwasse wees deur te vloek en te skel, maar in werklikheid is hy te onvolwasse om te besef dat dit swak smaak is om vieslike taal te gebruik en dit ook nog in die openbaar.

Die oortreders is skuldig, maar die positiewe meerderheid wat toelaat dat sulke dinge gebeur is nog skuldiger. DIt is nie net 'n geval van 'n minderheid wat 'n meerderheid oorheers nie — maar dit is 'n paar ellendelinge wat 65 jaar se tradisie afbreek deur 'n skool in 'n baie swak lig te stel. Die meeste van ons is slegs 5 jaar betrokke by 'n skool en dan is ons weg, maar ons moet sorg dat ons iets agterlaat vir die wat volg, iets waarop hulle werklik trots kan wees.

Met Jeugjaar '85 wil die wêreld dus 'n beroep op die jeug doen om te wys wat werklik in hulle steek. Kom-aan Affies! Laat ons trots wees op dit wat eie aan ons is, laat ons by ons beginsels bly en oor 20 jaar sal vanjaar se Affies leiers op feitlik alle gebiede in die samelewing wees!

# *St. 6-Groentjie-konsert*

DIE Groentjiekonsert van 1985 sal nog lank onthou word. Ons het probeer om weg te kom van die idee van 'n verskeidenheidskonsert, soos dit jaar na jaar aangebied word. Hierdie keer het ons karakters gehad soos Boy George, Zola Budd en ons eie Vredes Nobelpryswenner en biskop van Johannesburg. Die oefeninge in die middag het goed afgeloop, met tonele wat 'n skreeuende lag net móés afdwing. Natuurlik was daar die gepaardgaande "vrees" vir 'n moontlike mislukking, maar verbasend genoeg, het die kleintjies gemaak nes hulle moes. Tannie, Tannie het 'n mens al gonsend om jou gehoor en dan het die beslissende 'Bly net stil!' gevolg. Die skool en personeel het gekraai soos hul lag en mej. Holtzhausen het met "Here comes Santa Claus, ho ho ho!" ons Affie konsert kom kroon.

St. 6'e julle was puik!

***Ingrid Loubser St. 10***

# My eerste indrukke van die A.H.M.P.

OP pad skool toe het ek gedink dat ek 'n klein miertjie was, een nietige skepseltjie in 'n groot kolonie. Hoe graag wou ek nie 'n goeie onderdaan van my koningin wees nie. Tog het ek nie geweet hoe om dit reg te kry nie. Ek het tot 'n besluit gekom en dit was dat ek hard gaan werk om vordering te maak. Ek wou iets beter wees as 'n gewone mier en ek wou hard werk om my koningin se beste onderdaan te wees.

By die skool het ek gedink dat die prefekte ook hard gewerk het om daar te kom en ek het besluit om dieselfde te doen.

Ons het 'n mooi skool met 'n swembad, hokkievelde, tennisbane, ens. By ons skool is ook 'n koshuis en party kinders in ons klas is ook in die koshuis. Die saal se naam is die Elizabeth Steÿn-saal. Sy was een van ons vorige hoofde. Daar is ook pragtige tuine. Ons skool het 'n trimbaan en 'n snoepie. Dit is 'n groot skool met baie klaskamers. Nadat ek die skool goed bekyk het, was ek bly ek is in Afrikaanse Hoër Meisieskool.

Ons juffrouens is baie gaaf en ek hou van ons hoof, mej. Holtzhausen. Sy is 'n statige persoon met 'n innemende persoonlikheid.

Ons het 'n baie netjiese uniform en ons moet te alle tye wanneer ons buite die skoolgrond, beweeg , ons "blitsie" dra.

Aan die einde van die dag, op pad huis toe, het ek weer aan die mier gedink en besluit dat harde werk my tot bo in die lewe, tot waar ons koningin is en miskienn nog verder sal help. Met 'n salige gevoel het ek aan ons skool, "Afrikaans Hoër Meisieskool" gedink met haar leuse: "Ek sien haar wen".

# *Op-en-wakker Klassieke Klub*

DIE Klassieke Klub is geen rariteit nie. Dit is 'n klub vol bedrywighede. Na-skoolse byeenkomste vir alle leerlinge en aandgesellighede vir st. 8 tot 10-Latiniste maak daarvan 'n unieke groep.

Almal is welkom om die vrugtefeeste, konserte en interessante praatjies van gassprekers by te woon.

Die opgevoede mense in die skool, die st. 8 tot 10-Latiniste, word uitgesonder en is in 'n bevoorregte posisie. Spesiale video-aande word gereël en films soos "Ben Hur" is alreeds vertoon. Die veestelike word egter nie agterweë gelaat nie en heerlike uit-eet-aande in eksotiese restaurante is een van mej. Dalene Visser se breinbabas. Hiermee verwelkom die Klassieke Klub enige iemand om mee te doen in die pret. Die ledegeld beloop slegs R1,00.

# KOMPETISIE!!! WEN 'N PLAAT OF BOEK VAN JOU KEUSE

**Die redaksie van Stroom-op kondig 'n kompetisie aan waarby ons elke Affie kan betrek. Daar is besluit op 'n Foto-kompetisie. Almal is welkom om enige foto van gehalte in te skryf. Nie net die tegniek, beligting, helderheid en die fyner puntjies word beoordeel nie, maar ook dit wat die foto oordra (die boodskap). Daar is boonop 'n R20-geskenkbewys van C.N.A. vir die wenner. Kom Affies neem deel en raak betrokke!!**

*Karien Steyn*
*Fotoredaksie*

# FOTO VAN DIE TERMYN



*Albert Pretorius wen die kompetisie met die aksiefoto.*

# A.C.S.V. — Jesus is Koning!

**DIE leuse van die A.C.S.V. som sy doelstellings op. Daar word gepoog om by die vereniging saam oor God se grootheid te besin, saam uit Sy woord te leer en saam d.m.v. lekker samesang Sy naa, te verheerlik. So baie vergeet ons van wie ons al ons gawes ontvang, en daarom is die A.C.S.V. 'n gulde geleentheid om as Affie-eenheid te bely dat Jesus Koning is.**

Vanjaar is daar reeds geweldige belangstelling en die ledetal groei met elke byeenkoms. Buiten Bybelstudie en interessante besprekings, gaan bekende persoonlikhede ook in die loop van die jaar die vereniging toespreek. Die verwagting om ook met die A.C.S.V. as grondslag uit te gaan en ander Affies te betrek by die Koninkryk van God — dit kan ons doen deur ons voorbeeld.

Rom. 14:11: *"En elke tong sal bely dat ek God is."*

Al die Affies word genooi om hul deel te kan bydra sodat Affies een groot, belydende eenheid sal wees, wat vir die wêreld kan sê: *"Jesus is Koning!"*

Die A.C.S.V. vergader Woensdae gedurende pouse. Almal is welkom!

In hierdie stadium moet Meneer Vermeulen en Mevrou Pretorius bedank word vir hul geïnspireerde diens.


# *Die lojale Affie*

*Van 'n Affie word baie verwag.*
*Hy moet sy bes lewer elke dag.*
*Hy moet sy God kan dien*
*sodat elke ander Affie kan sien*
*dat hierdie Affie sy man kan staan*
*en sy weg as menswees kan baan.*
*Sy naasteliefde moet eg wees*
*sodat jy dit in sy doen kan lees.*
*Die staat moet op hom kan staatmaak,*
*en in skool moet hy sy merk kan maak.*
*'n Lojale Affie bly getrou*
*aan sy huis tot in die laaste rou.*
*Kom slaan jou slag nou*
*en help die Affies bou.*

***A Gerber St. 10B***

# Die Landsdiens-Klub

Die landsdiensklub spits hom daarop toe om die Affie-natuurliefhebbers 'n kans te gee om 'n bietjie van die stadsgewoel te ontsnap. O.l.v. mnr. Swart en sy bestuurslede is 'n jaarprogram opgestel wat o.a. visskietduik; hengel- en ander ontspanningskampe insluit. Spesiale uitstappies, volgens die lede se eie keuse, word ook beoog. Die doel hiermee is dan ook om natuurbewaring en die behoud van ons groen erfenis te bevorder. Alle belangstellendes is welkom om Donderdae gedurende lang pouses in mnr. Swart se klas aan te sluit.



*Mnr. Swart en landsdienslede op die skoolplaas.*




# *Femina*


IN die vorige uitgawe het ons gepraat van die skoonheid van die vrou, nie net die uiterlike skoonheid nie, maar veral die innerlike skoonheid. Hierdie keer val die klem op die liefde.

Die liefde van 'n vrou is een van die kosbaarste gawes van 'n vrou. Dit is feitlik alomvattend; dit omvat respek, verwagting en geloof, nie net vir die spesiale mense in haar lewe nie, maar ook vir almal waarmee sy inaanraking kom.


Daar is verskeie maniere waarop sy haar liefde kan betoon. Sy **luister** na ander en is geïnteresseerd en entoesiasties oor hulle ideale. Sy is die aanmoediging in nood en is 'n stil, beskeie krag wat ander aanvuur om verdere hoogtes te bereik. Tog is die vrou nie net 'n katalisator vir ander se prestasies nie, maar is ook 'n brose wese, vol vertroue, lojaliteit, idees en raad in haarself.

Almal kyk op na haar en sien haar as 'n voorbeeld. Haar liefde straal oral uit, sodat sy waar sy gaan harte wen en 'n nagedagtenis laat.

# Affievaria • Affievaria • Affievaria •



# • Affievaria • Affievaria • Affievaria •



# BEVORDERINGS BY A.H.M.P. — groot aanwinste!

**Aan die einde van 1984 is aangekondig dat A.H.M. nog 'n adjunk-hoof sou kry en mev. E. Nel is deur die Departement van Onderwys benoem. Twee nuwe departementshoofde is ook aangestel, nl. Mej. E. du Plooy (Handelsvakke) en Mev. E. Dorey (Wisk.). Al drie dames het by die ter perse gaan reeds 'n dienstermyn agter die rug, maar die Redaksie wil hulle op die laat stadium sterkte toe wens op die pad vorentoe en hul verseker van ons steun en lojaliteit!**

Mev. Nel is reeds sedert 1960 verbonde aan die skool en die baie smaakvolle en goed beplande skooltuin gedy onder haar hand, soos trouens ook die geval is met die Duitse taal! Mev. Nel het 'n honneursgraad in Duits verwerf asook 'n graad in die opvoedkunde. Terwyl sy departementshoof vir vreemde tale was, het sy ook op eie inisiatief kursusse in Frans gevolg; eers aan die Technikon en later by U.P. Met haar bekwaamheid en doelgerigte optrede weet ons dat haar verblyf in Affieland die skool en kinders tot eer sal strek.

Mej. Du Plooy is reeds 20 jaar werksaam met handelsvakke by Affies waar haar ywer en toegewydheid reeds 'n stempel afgedruk het. Ook in atletiekkringe het Mej. du Plooy nasionale erkenning gekry toe sy gekies is as skeidsregter vir die S.A.-Senior atletiekkampioenskappe terwyl sy in 1984 chaperone was vir die Springbokspan wat in Stellenbosch deelgeneem het.


Mej. E. Dorey het vir 19 jaar in Affieland gearbei as uiters bekwame wiskundeleerkrag. Sy het daarna haar talente tuis aangewend om haar pragtige seuntjie groot te maak. Met die seun in Graad ii, (ons hoop hy word ook 'n Karate-Springbok soos sy pa) het Affieland besluit dat daar nou weer tyd is vir 'n roeping en siedaar ons het 'n Departementshoof vir Wiskunde!

Al drie hierdie dames is bekend om hulle toegewydheid en onkreukbare karaktereienskappe en saam met die ander Adjunk-hoof en departementshoofde wat die poste so bekwaam beman (bevrou?) sien ons haar voortaan steeds WEN!



*Drie aanwinste vir Affies.*

# N.Tvl. Pistoolskiet — Mnr. Wells




MENEER WELLS het in 1980 by die Onderwyskollege van Pretoria met Pistoolskiet begin. Gewapen met 'n Domino .22 kort het hy aan die item wat bekend staan as "Olimpiese Snelvuur" deelgeneem.

In 1981 word hy verkies tot die kollege se eerstespan. Gedurende 1982 was hy die voorsitter van die Pistoolskietklub. Dieselfde jaar verwerf hy erekleure by die Onderwyskollege.

Verlede jaar was hy 36ste op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe en word verkies om die N.Tvl.-proewe by te woon.

Vanjaar verwerf hy N.Tvl.-kleure in die sportsoort. Sy beste telling was 'n skitterende 555 uit 'n moontlike 600. Gedurende 1980-1985 het hy alreeds 21 medaljes verower.

# N.Tvl.-visskiet — Mnr. F. Burger



MNR. FERDI BURGER was vanaf 1980 elke jaar lid van die Noord Transvaalse visskietspan. Vanaf 1983-1985 was hy ook kaptein van die span.


Hy eindig in 1983 derde, 1984 vyfde en vanjaar ook vyfde met individuele punte op N.Tvl. Kampioenskappe.

Noord-Transvaal het ook die beker ontvang as die beste binnelandse span. Dit is ook die vierde keer in vyf jaar dat die prestasie geëwenaar word.

Gedurende 1984 het hy die toekennings ontvang vir: Noord-Transvaal se visskieter van die jaar, asook Tukkies se visskieter van diejaar.

Mnr. Burger is ook gekies om aan die Springbokproewe deel te neem. Die Nasionale kampioenskappe word vanaf die 18e Maart beslis waarvan twee dae spankompetisie en een dag individuele kompetisie is.

# SWEM




*Mnr. Panaino — gekies as die Noord-Transvaalse spanbestuurder vir swem.*

# *Sprokies verban?*

GOUELOKKIES is skuldig aan huisbraak en vandalisme en moet dus uit die beskawing verban word.

Tydens die tweedetaaldebat by Boys High het afgevaardigdes uit die standerds van die onderskeie skole AHM, AHS, Girls High en Boys High vir lewendige besprekings gesorg. Die meisies het teen die seuns meegeding.

Nog 'n paar van die gevolgtrekkings waartoe gekom is, is die volgende:

Hompie Kedompie is nié van die wal afgestamp nie! Rooikappie se ouma moes in 'n ouetehuis gewees het, of haar eie koekies gebak het. 'n Aantreklike vroulike hasie het in werklikheid veroorsaak dat skilpad gewen het. Kinders soos Hansie en Grietjie, wat ander mense se huise opeet en dan die inwoners verbrand, hoort in inrigtings.

# Affies stig sy eie "V.V.O."


**Die Franse en Duitse klubs het besluit om hande te vat en 'n verenigde front te vorm.**

Die eerste gesamentlike byeenkoms op Vrydag 15 Februarie het geblyk 'n groot sukses te wees wat die spreekwoord "Hoe meer siele, hoe meer vreugde" weer eens as waar bewys.

Die gewone gevoel van feestelikheid wat 'n Vrydagmiddag kenmerk, is aangevul deur smaaklike Franse brode en kaas en die heerlike Duitse lekkernye het 'n mens lus laat voel om soos 'n ware Duitser "Mahlzeit!" uit te roep. Die vrolike saambreeltjies op die grasperk het tot die feestelike atmosfeer bygedra. Die hartlike samesang is afgesluit met "Vader Jakob" wat hierdie keer tweetalig aangebied is. Deur die bril (of oor) van 'n buitestaander 'n **rare** geluid!

Die Affies se "V.V.O." het hulle jaar op 'n hoë noot begin en hoop dat die Frans-Duitse organisasie 'n suksesvolle jaar sal beleef!

# Mnr. Voges — N.-Tvl. en S.A. Stoeikleure




Reeds op 6-jarige leeftyd het mnr Voges sy lang en interessante stoeiloopbaan begin. In st 5 (1973) het hy eerste geëindig in die Springbokproewe vir sy ouderdomsklas. En in sy matriekjaar (1978) verwerf hy sy hardverdiende Springbokkleure.

Hy het alreeds oorsese toere meegemaak, twee keer as 'n Junior Springbok en een keer as Springbok.

Vanjaar stoei mnr Voges alreeds 18 jaar lank en ook in die O/78 kg gewigsklas. Hy sê: "Dit is nou nie meer 'n sport vir my nie, maar 'n soort lewenswyse. As 'n mens eers begin het, kan jy dit nie los nie."

In 1983 tot 1985 word hy verkies as kaptein van die Springbokspan, nadat hy reeds 8 keer sy Springbokkleure verwerf het.

# *"Eendag vir altyd"*


VRYDAG, 22 Februarie: Die onderwerp van bespreking en onder oë was lewensgroot en werklik op die verhoog. Chris du Toit, 'n bekende persoonlikheid in die vermaaklikheidslewe het Vrydagoggend ons Affies kom toespreek.

Hy was vroeër onderwyser te Boys High en talle boeke (veral vir die jeug) het al uit sy pen verskyn. Hy het ook daarin geslaag om 'n hele paar rolle agter sy naam te skryf soos onder andere in Spergebied. Tans is hy regisseur en doen ook oorklankingswerk.

Alhoewel die kritiek in die dagbladpers op EENDAG VIR ALTYD baie swak was, is dit oorwegend goed ontvang deur die Affies.

Die algemene spel was goed met Alwyn van der Merwe en Bumhulda van Rensburg in die hoofrolle. Soos Chris du Toit, die regisseur, gesê het, is dit 'n film vir ontspanning met die lewensles dat geregtigheid altyd seëvier.

# TENNIS



*Mnr. van As — slaag Noord-Transvaalse Tennisafrigtingskursus.*

# Affies besluit — S.A. is padveiligheidsbewus!

**DIE Afrikaanse debat op Vrydagaand, 15 Februarie, was 'n reuse sukses! Ten spyte van die feit dat daar die volgende dag 'n atletiekbyeenkoms sou plaasvind, het die Affies gesorg vir die grootste opkoms by 'n debat in jare.**

Die opkoms kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat 'n ou tradisie heringestel is — die Interaffie debat. Nadat daar aanvanklik heelwat teenkanting en pessimisme was, is die reëlings tog getref en het die aand soos 'n droom verloop.

Twee spanne van onderskeidelik die Seuns en die Meisieskool het teen mekaar meegeding om te besluit op Suid-Afrikaners padveiligheidsbewus is of nie. Die seunspan, wat gevoel het dat ons ou volkie wél padveiligheidsbewus is, het bestaan uit: Danie Brand, Luan Kloppers, Werner Bornman en Awie Marais. Die meisies wat hulle opponeer het was: Gené Visagie, Hanneke van der Westhuizen, Ina Vermeulen en Helene le Roux.

**Vloerbespreking:**


Die sprekers het hulle baie goed van hul taak gekwyt en met die aanbreek van die vloerbespreking, was daar nog geen onderskeid te tref nie. Nadat die voorsitter, Stephan de Beer, die vloer oopgestel het vir bespreking, is gedagtes vryelik gewissel, en moes hy a.g.v. 'n gebrek aan tyd naderhand die vloerbespreking afsluit. Die skole het voorwaar hulle spanne góéd ondersteun.

**Uitslag:**

Om ekstra fleur aan die aand te verleen is daar verskeie musiekitems gelewer o.a. 'n klaviersolo deur Henk Sigle en 'n paar ligte nommers deur lede van die seunskoor.

Ten einde laaste het die klimaks van die aand aangebreek — die finale uitslag! Alhoewel die meisies uitstekend gevaar het, wil dit lyk of hulle 'n verlore saak verdedig het, want die Affies het soos een man besluit dat Suid-Afrikaners tog padveiligheidsbewus is!

# RUGBY



*Die eer om die Noord-Transvaalse Hoërskole rugbyspan by die 1985 Craven week af te rig, het dr. J.J. v.d. Merwe te beurt geval.*


# *Onnies se Top 20*

**ONGELUKKIG kon slegs 20 onderwysers daarin slaag om die treffersparade te haal. Hier volg 20 van die heel beste treffers van 1985:**

1. Mnr. Thuynsma: *You give me love, you make me shine".*
2. Mnr. C. Kruger: *"I want muscle".*
3. Mnr. Panaino: *"Lover boy".*
4. Mnr. v. Niekerk: *"You think you're a man but you're only a boy".*
5. Mnr. Badenhorst: *"We're in the army now".*
6. Mev. Pretorius: *"The closest thing to Heaven".*
7. Mev. Saayman: *"One night in Bangkok" (Chess).*
8. Mnr. Taljard: *"I want to know what love is".*
9. Mnr. v.d. Westhuizen: *"Wild Boys" (Wille Bulletjies).*
10. Dr. v.d. Merwe (Duif): *"When Doves cry".*
11. Mev. van Vuuren: *"Forever young".*
12. Mev. Bester: *I wear my sunglasses at night".*
13. Mej. Appelgryn: *What's a nice girl like you doing in a place like this".*
14. Mev. le Roux: *"Shout! Let it all out".*
15. Mnr Deysel: *"Big in Japan".*
16. Mnr. Vermeulen: *"Stoksielalleen".*
17. Mnr. Cilliers: *"Drive" (The Cars).*
18. Mnr. Swan: *"Black leather" en "Chukkakahn".*
19. Mnr. Swanepoel: *"Chariots of fire".*
20. Mnr. Sheppard: *"Ghostbusters".*


Hy was op universiteit en sy pa hoor niks van hom nie. Sy pa stuur toe die volgende telegram: *"Het jy gedruip of is jy deur?"* Hy stuur toe 'n telegram terug: *"Ja".* Sy pa telegrafeer weer: *"Ja, wat?"* En hy antwoord; *"Ja, Pa."*

## STOKSIELALLEEN



## Sê-goed

*Marlise* — Ek weet nie, sê my.
*Ria* — Ja, my blah.
*Melissa* — Nou wat nou?
*Sanet* — S-e-l-f.
*Derize* — Ek voel so d-i-k.
*Ingrid* — Lydia wanneer maak jy jou brood oop, ek is al lankal honger.
*Willena* — Ag nee, dis al weer spread!
*Freddie* — Le fagela Koek!
*Lizelle* — Haai regtig?
*Anne* — Moet ek nou push-ups doen?
*Marietjie* — Haai, julle outjies.
*Liesl* — Genuine.
*Adri* — Potte en Panne.
*Chrissie* — Sê my ook.
*Zahn* — Ek en Theo het alweer uitgemaak en opgemaak en uitgemaak. . .
*Danielle (Spokie)* — Nicapoo, Nicapoo, I love you!
*Larissa* — Ja, Ja, Nicht? Nein.
*Francine* — Juffrou, wanneer gaan ons aan met die werk?
(Ons moet aangaan met die werk).



## High Energy!

*One night in Bangkok* when I was feeling *out of touch* I saw a bunch of *wild boys.* A *careless whisper* came to my ears which *sounded like a melody* and said we *belong together. I want to be your loverboy.* I was furious and yelled: *"You think you're a man but you're only a boy!"* They all laughed and one said: *"Treat her like a lady."*

I was terribly scared and one said: *"I can feel you tremble when we touch."* A creepy feeling went down my spine and I thought *everything must change.* Suddenly they smiled and replied: *"It was a false alarm!"* So that was the end of the *never ending story.'*

*Ek het altyd gedink ek het lang tande. Nou vind ek uit ek het kort tandvleise.*

# JOLPARTY NA OORWINNING

**Getrou aan tradisie of liewer bo verwagtinge, het Affies Menlopark in die stof laat byt en so is daar dan ook fees gevier.**

'n Paar uur na die soet oorwinning het die matrieks, ingeryg in 'n beestrok gaan braaivleis hou in die buitewyke van die stad, maar die werklike vieringe het eers die volgende oggend begin.

Seunshoër het nie skool gegaan nie en Meisieshoër het hard gewerk om die prestasie te vereer. Die A.C. Steyn-Saal sal nooit weer dieselfde wees nie, wat in sy bestaan het Affies nog nie so hartlik gesing nie. Elke stem het alles wat hy het gegee en die dak het behoorlik gevibreer. In ons poging om die feesgees oor te dra na die seuns is die vierkant deeglik geskud.

Om die emosies effens af te koel het 'n paar van die swembaddens gebruik gemaak en die ander het laat spaander.

Die res van die dag het daar 'n doodste stilte geheers, maar in elke Affiehart het dit gejubel en gejuig!

**Eerste vrou:** *Haai, my hemel! Jou hare lyk nes 'n pruik!*
**Tweede vrou:** *(ysig) Dít ís 'n pruik!*
**Eerste vrou:** *Haai, 'n mens sal dit nóóit sê nié!*

## Sêgoed uit St. 9 uit die koshuis en elke dag:

*Zanne* — Hou jou b____ man, ag hou net jou b____k.
*Mila* — Sy gee my so groo (xro:t) pyn!
*Andrea* — Ek kan my net voorstel.
*Gené* — St. 7's! Antwoord die telefoon en as dit Hugo is, sê ek kom!
*Amanda* — Yes ou pelle, hoe gaan dit met jou ou ???????
*René* — Jy lieg! As ek hom nie vanaand kry nie. . .
*Karen* — Hy wil dit nie aanvaar nie!
*Alitha* — Sê iemand nou net iets oor my ???salf.
*Tatie* — Hallo Estea, ag haha ou Ina. . .
*Marlet* — Sal ek nou wéér vir Mielie vra, hê?
*Aletha* — Ag julle, ek sit alwéér 'n naweek!
*Michelle T.* — Weet julle hoe voel ek?
*Hedwig* — Hy kom gister daar aan toe slaap ek.
*Juf. Kruger* — Dit lyk my almal hou meer van die Romantiese tydperk.

*'n Diëet is vir mense wat dik is en dik is daarvan.*


*Ek was ongelukkig. Sy het oë soos olywe gehad, lippe soos granate en ronde spekwangetjies. . . en ek was op dieet.*


Met die staking van die vullisverwyderaars, is die volgende gehoor:
Buurvrou: *Haai Sannie, is jou vuilgoed al weg?*
Sannie: *Nee, hy lê nog al die pad en slaap!*

## Boy-Boep se pruik



## "NERD" VAN DIE TERMYN.






*Sy het die pragtiste twee bene. Ek weet — ek het hulle self getel.*

## Operasie Kleedkamerverf

EENDAG was daar 'n vaal, verslete kleedkamer. Sonder 'n tikkie kleur het hy dag-in en dag-uit die "sorge" van die hardwerkende, pligsgetroue matrieks deurleef. Totdat 'n paar matrieks na ernstige beraadslaging besluit het om die lyding van beide partye te verlig. Kwaste is uitgepluk en blitsvinnig verander gewone matrieks in kunstige Picasso's (of is dit nou Piet-die-Painters?). Twee volle dae is aan die Metamorfose gewerskaf en met uitsondering van een miniatuur ongelukkie (eeh. . . Anne?) het dié operasie vlot verloop en kan met trots gesê word: "Mission fulfilled". Nog nooit in die geskiedenis van die mens is daar 'n meer genotvolle naweek in 'n. . . 'n kleedkamer deurgebring nie.

*Dis nie so erg om sigare te rook nie — my buurman werk in die slaghuis en hy rook ham.*

## Kaptein ons eie Valentyn




# *Valentynsdag*


*Donderdag, 14 Februarie, het daar 'n "anderste" buitengewone gees onder die Affies geheers. Valentynsdag en natuurlik tyd vir naamlose kaartjies en opgewondenheid oor boodskappe wat miskien vir jou gestuur gaan word. Rooi dose is in die skool versprei en die kaartjies het ingestroom. Ons "pragtige hoofseuns" soos mej. Holtzhausen hulle noem, was natuurlik baie gewild onder die meisies en daar is amper 'n ekstra houer vir Jaco gemaak. Name soos Espe, John, Sharky en Johnnie het baie dikwels in sierskrif verskyn. Leatitia was feitlik eers by die prefektekamer gewees om te kyk of daar nie dalk iets van Erwee af gekom het nie en Anoet het voor skool al gesukkel om al haar besittings bymekaar te hou.*

*Na al die opwinding was dit nogal snaaks om die 2 skole bymekaar te sien, seuns in die Affie-luim (besig om blomme te pluk) en die meisies 10 myl van hulle af in hulle groepies. Die waarskynlike oorsaak was seker die afwesigheid van die seuns prefekte wat die balk moes dra.*


*Tog was dit 'n heerlike dag en is 'n paar verhoudings daardie dag verstewig. Dit is mos waaroor alles gaan!*



## ATLETIEK-STERRE



*Bo: Anoet van den Berg (100m, 200m). Onder: Sonja Mostert (800m, 1 500m). Lede van die Noord-Transvaal Junior Atletiekspan.*



## Oorwinning by Rentmeesters

**Op Vrydagaand, 8 Maart, het 'n junior-meisiespan, bestaande uit 6 atlete 'n uitstekende vertoning gelewer by die Rentmeesters Atletiekbyeenkoms te Pilditch.**

Dit O/14-span het met die wentrofee weggestap, terwyl die hele span 3de gekom het. Die atlete het ook puik individuele prestasies gelewer.

Anoet van den Berg het die 200m-rekord met 'n tyd van 24,8sek. gebreek. Met die verspring het sy 'n afstand van 5,08m bereik. Christine Pflüger het 1ste plek behaal met die 800m en 4de plek met die 1 500m. Renante le Roux het 5de plek behaal in die hekkies-item. Stephanie van Vuuren het 3e plek behaal in die 200m-item in haar ouderdomsgroep, terwyl Riana van Vuren met 'n hoogte van 1,55m. 2de plek behaal het in die hoogspring. Jeanette Nel was ook lid van hierdie span.

Ons wens hierdie belowende junior atlete hartlik geluk.

## Eerste oorwinning

**Saterdag, 26 Januarie, was die eerste glorieryke atletiekbyeenkoms vir Affies in 1985.**

AHS en AHM het gesamentlik die oorwinning behaal by 'n atletiekbyeenkoms te Brits waar die deelnemende skole AHS, AHM, Brits, Wonderboom en Erasmus was. Reeds van vroeg die oggend tot laat in die versengende hitte, is uitmuntende prestasies gelewer. Dit was ook geen verrassing toe die finale puntestand gelees is en die toekennings vir die beste baan- en veldatlete beide aan Affies gegaan het nie. Anoet van den Berg het die toekenning vir haar prestasie in die 200m, M O/14 gekry omdat haar tyd van 25,5 sek. haar 'n totaal van meer as 200 punte op die SASD-puntetabel verskaf het. Riana van Vuren was die beste veldatleet met 'n hoogte van 1,50m in die M O/13-ouderdomsgroep wat haar ook meer as 200 punte op die punte-tabel laat verdien het.

Dit was 'n goeie begin en 'n bewys wat met harde werk vermag kan word.


## SPORT IS 'N INTEGRALE DEEL VAN MY LEWE — *Stéphan de Beer.*

**SONDER my sport, sou ek gevoel het soos 'n mens wat sy lewe slegs halfpad benut; in my sport slaag ek daarin om verhoudinge te ontleed en my eie persoonlikheid uit te bou.**

My geliefde sportsoort is atletiek en met die baanseisoen wat sy einde nader, lê my groot liefde voor die deur: langafstanbd-atletiek, en wel landloop en padwedlope. Liggaamlik sowel as geestelik word ek verryk deur die sport. Die meeste atlete gebruik die koue wintermaande om gestaal te word vir die baanseisoen, die landloopseisoen word as bouprogram gebruik.

In die baanseisoen ppog ek om dit waaroor ek nie natuurlik beskik nie, te verkry, om sodoende in die landloopseisoen 'n meer gebalanseerde atleet te wees.

Ek wil egter beklemtoon wat sport vir my beteken. Die waarde van sport is vir my nie soseer ligaamlik, nie as geestelik gelê. Sport is 'n proses waarin 'n mens gesterk word vir die lewenswedloop. Neerlae wat jy ervaar en die teleurstellings wat op jou pad kom, maak jou sterk, help jou om te oorleef.



*Stéphan in aksie.*

In my geval gebruik ek egter die baanseisoen om my tekortkominge te oorbrug. byvoorbeeld om spoed, spoeduithouvermoë en vaart oor kort afstande.

Sport is die harde leerskool van die lewe. In sport verbreed jou mensekennis, jy leer ander se ideale ken, jy leer hoe om te kommunikeer. Maar jy leer ook jouself goed ken, jou tekortkominge, jou foute, jy leer hoe om te wen of te verloor. Sport is die proses van karakterbou.

Dit is egter nie my menseverhoudinge wat vir my sport so sinvol maak nie, maar wel my verhouding met God.

Op die lang pad, as jy soms nie bereid is om 'n tree verder te hardloop nie, as jy vra: Waarom dan is dit deur kommunikasie met God dat jy terruggeroep word tot die werlikheid — wat die soektog na oorwinning en sukses is. In neerslae en oorwinning sien ek God se hand, howel ek nie altyd die boodskap verstaan nie. In sport word ek baiekeer teruggeroep tot die werklike hoë roeping.

Baiekeer, uit eie ervaring, het ek gevoel hoe afhankik ek van God is en in sekere stadiums van sekere wedlope is ek, soos deur 'n weerligstraal, getref met die wete dat ek alleen maar in God se krag hardloop.

**Unieke sport**

Wat langafstandatletiek so 'n uitstekende sportsoort maak, is die feit dat die gemoddelde, gevorderde en kampioenatleet almal dieselfde genoegdoening ervaar. Op die lang pad is dit nie ander wat telnie, maar die oorwinning oor jouself.

In die afgelope tyd het dié woorde vir my waar geword in my sporter-varing: Ek mag vinnig landloop, ek mag stadig landloop, maar daar is een manier waarop ek nie hardloo nie — dit is alleen. Daarin lê die sin vir my in sport — die feit dat my persoonlike verhouding met God dit is waarop my sport wentel.




WENVREUGDE

Saamjuig. Saamwees. Saamdoen. Saamstaan. Saamlekkerkry. Dis gesinwees. Dis werklike gesinsvreugde ervaar. Dis wenvreugde!

Rentmeester stel belang in u wenvreugde. Oor die jare het ons ons onderskei nie net as 'n wengroep nie, maar as die gesinsvriend met 'n wye reeks goeddeurdagte lewensversekeringspolisse wat in elkeen se behoeftes voorsien. En nou bied ons u

Die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis

'n Meesterplan om gesinshulp te verleen wanneer dit die nodigste is.

Verseker vir u en u gesin nou ook die wenvreugde van die Madeliefie Gesinshulp Wennerpolis. Tree vandag nog in verbinding met u naaste Rentmeesterkantoor.



Die Gesinsvriend

Rentmeester Versekeraars

PRETORIA Hoofkantoor: Tel. (012) 28-5020 — BLOEMFONTEIN Tel. (051) 77-1523 — CARLETONVILLE Tel. (01491) 2329 — PORT ELIZABETH Tel. (041) 2-9311 — VEREENIGING Tel. (016) 21-1076/21-3730 — PRETORIA Streekskantoor: Tel. (012) 21-8201 — WELKOM Tel. (0171) 7-1114

# SPORTVROU VAN DIE TERMYN


**Ons ken haar as Wit Blits, maar so lyk sy, regtig!**

Anoet van den Berg is op 15 Junie 1971 te Nelspruit gebore. Vanaf haar eerste jare op skool het sy reeds atletiek talent openbaar en verwerf reeds op Laerskool Noord-Transvaalkleure en verbeter talle rekords.

Enige item in atletiek is vir haar speletjies, maar sy spits haar toe op die 100m, 200m en verspring. Die afgelope seisoen het sy dan ook in al drie die items gekwalifiseer vir die Noord-Transvaalse- en Suid-Afrikaanse-kampioenskappe. Tydens die Rentmeesterbyeenkoms hardloop sy die 200m in 'n rekord tyd, en haar span verower die trofee vir die beste onder 14 span in Noord-Transvaal.


Anoet is nie net 'n sportvrou nie sy is ook talentvol in musiek. Sy is lid van die skoolkoor en speel ook uitstekend tjello. Haar skoolprestasies toon dat sy werklik 'n veelsydige skolier is.

*Die redaksie verwelkom jou hartlik in Affies Anoet, en wens jou alles van die beste toe vir die toekoms. — **(Red.)***



*Anoet in aksie.*

# SPORTMAN VAN DIE TERMYN



*Johnnie skitter in die 400 meter.*

JOHANN DAVID GERHARDUS VAN HEERDEN is op 15 Augustus 1967 in Lydenburg gebore. Johnnie soos die Affies hom beter ken, het sy laerskoolloopbaan begin aan die Laerskool Bergland en aan die Laerskool Warmbad. Hier het hy reeds op die sportveld uitgeblink.

**Laerskool prestasies**

Johnnie het op laerskool reeds deelgeneem aan rugby, atletiek en krieket. Hy het dan ook in standerd drie en instanderd vyf daarin gelsaag om Verre Noord-Transvaalse kleure in atletiek te verwerf.

In Affies het hy algaande verbeter en sedert 1983 is hy een van die groot staatmakers in Affies se atletiekgeledere. Nadat hy teen die einde van 1982 onder mnr Swanepoel se leiding begin oefen het, wen hy in 1983 op Interhoër in die 400 meter in 'n goeie tyd van 50,2 sekondes. In 1984 eindig hy 3e met 'n tyd van 50,1 sekondes en daarna gaan hy voort en verwag hy Noord-Transvaalse kleure in die 200 meter en 400 meter.

Weens 'n besering kon hy vanjaar eers later begin oefen, maar dit het hom nie weerhou van skitterprestasies nie. As kaptein van die atletiekspan het hy 'n goeie voorbeeld gestel en tydens vanjaar se interhoër 'n derde plek in die 400 meter behaal en 'n tweede plek in die 200 meter. Mylpale in sy loopbaan was sy eerste 400 meter onder die 50 sekondes kerf (49,9 sek), wat hy in 1984 op die baan van RAU behaal het. Vanjaar het hy tydens die Rentmeesterbyeenkoms 'n beste tyd van 49,3 sek opgestel. Hy is ook vir die afgelope 2 jaar lid van die Sasolatletiekspan wat telkens tot die eindronde deurgedring het.

**Motivering**

Volgens Johnnie is die grootste steunpilaar agter sy sukses mnr Piet Swanepoel. Hy ontvang die meeste aanmoediging van hom, maar ook van almal wat belangstel in sy prestasies, ook Marné.

Johnnie skryf sy sukses toe aan harde oefening, aan vertroue in God en in homself.

**Toekoms**

In die toekoms wil hy hom steeds toelê op die 200 meter en 400 meter. Hy het voor elke byeenkoms 'n ander ideaal, maar tog sal hy graag Springbokkleure wil verwerf.

**Ook Rugby-uitblinker**

Nie net as atleet het Johnnie vir homself naam gemaak nie. Hy was een van die uitblinkers in verlede jaar se eerste rugbyspan wat die Administrateursbeker verower het.

Affies hou hom vanjaar ook op hierdie gebied fyn dop. As krieketspeler het hy ook in die verlede sy deel bygedra.

Johnnie is van plan om volgende jaar Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria te studeer.

Stroom-op wil namens al die Affies, Johnnie sterkte toewens vir die toekoms. Mag hy steeds op elke gebied van krag tot krag gaan.

## Krieket

**Die 1st krieketspan van Affies wys weer hulle slag!**

Die 1ste krieketspan van A.H.S. het in die eerste termyn weer gewys waar toe hulle in staat is. Daar is al vroeg begin oefen met ons eie "Sylvester Clarke". Met ons boulmasjien is alle fyner punte en foute reg gemaak.

Die boulers het ook nie gerus nie en daar is met groot ywer geoefen. Dat al hierdie moeite nie verniet was nie, word onderstreep deur die feit dat daar vier 50-talle in die seisoen aangeteken is en dat daar in die 7 wedstryde elke keer 'n bouler was wat 3 of meer paaltjies geneem het.

Onder leiding van Stefaans du Plessis en Mnr. Celliers is daar toe liga gespeel. Alle teenstanders is uit die pad geboul en ons bevind ons in die halfiendrondte teen Menlopark.

Menlopark word vir a skrale 66 lopies na 30 boulbeurte uitgeboul. Affies haal toe die taal vir die verlies van 3 paaltjies.

In die finaal, wat op A.H.S. plaasgevind het, is daar teen die Wilgers gespeel. Affies het 1ste gekolf en behaal 145 lopies. Die Wilgers is toe uitgehaal vir 72 lopies.

Met hierdie oorwinning het Affies die Afrikaanse 1ste termyn liga vir die tweede agtereenvolgende keer gewen.

## AFFIES VS GREYKOLLEGE

**DIE naweek van 1 Maart 1985 het sowat 110 Affie-seuns en 7 onderwysers na Grey Kollege te Bloemfontein vertrek.**

Die oggend van 2 Maart is die seuns deur 'n onderwyser en 'n paar leerlinge van Grey ontvang. Na 'n ontbyt wat deur Grey voorsien is, is die seuns na die verskillende punte waar elkeen aan sy sportsoort sou deelneem. Daar is die volgende sportsoorte deelgeneem:

**Swem:**

Die gala het die Saterdagmiddag om twee n.m. begin. Die deelnemende skole was Affies, Grey en Queens Kollege van die Kaap. Ten spyte van goeie vertonings van 'n paar van Affies se swemmers het Affies die onderspit gedelf en die finale telling was soos volg:

Grey in die eerste plek met 126 punte;
Queens Kollege in die tweede plek met 50 punte;
Affies in die derde plek met 48 punte.

**Waterpolo:**

Die waterpolowedstryde is op 'n baie koue oggend in die universiteit se swembad gespeel. Hier het Affies hul baie goed van hul taak gekwyt. Grey se waterpolo afrigter van die afgelope vier jaar het opgemerk dat dit Affies se beste spanne ooit was.

Daar is ook teen Queens Kollege gespeel wat as een van die beste waterpoloskole in die land beskou word. Die uitslae van die wedstryde was dan soos volg:


Affies eerste span verloor teen Grey se eerste span 4-7;
Affies eerste span verloor teen Queens se eerste span 3-5;
Affies tweede span verloor teen Queens se tweede span 2-8;
Affies tweede span wen teen Grey se tweede 3-2.

Die eerste en tweede span se gesamentlike telling was 'n $^1/_2$ punt meer as Grey se eerste en tweede span se tellings saam.

**Tennis:**

Die tennis het maar 'n opdraende stryd gehad, maar drie van die vier spanne wat gespeel het, het hulle wedstryde gewen. Die uitslae lyk dan soos volg:

Affies eerste span verloor teen Grey se eerste span 0-9;
Affies tweede span wen teen Grey se tweede span 5-4;
Affies eerste O/15-span wen teen Grey se eerste O/15-span 5-4;



*Hêppie in aksie.*

Affies tweede O/15-span wen teen Grey se tweede O/15-span 5-4.

**Skaak:**

Hier het twee van Affies se spanne teen twee spanne van Grey deelgeneem. Die skaakspelers, veral die eerste span, het gewys wat in hulle steek en die uitslae lyk dan soos volg:

Affies eerste span gelykop teen Grey se eerste span 5-5;
Affies tweede span verloor teen Grey se tweede span $2^1/_2$-$7^1/_2$.

**Gholf:**

Die gholfspelers het gewys dat hulle wel beter gholf speel as Grey.

Die uitslae lyk op die oog af nie te goed nie, dalk die lang treinrit. Of het die Affies slegs op hul louere gerus?

As Affies in die toekoms steeds verbeter in sy watersport en skaak en weer sy tennisstandaard, wat hom SA se toptennis skool maak, kan handhaaf, behoort die prentjie by 'n herontmoeting teen Grey anders daar uit te sien.

## TREFKRAG LÊ IN OEFEN!

DAAR word dikwels aangeneem dat 'n atleet wat teen 'n konstante spoed, ses keer om die baan draf en boonop 'n rekord verbeter, sommer van nature so is. Min weet egter hoeveel uithouvermoë, moed en wilskrag nodig is om elke dag as't ware die pyn van sukses te proe.

Al die uitmuntende prestasies wat dié seisoen gelewer is, was die resultaat van swoeg en sweet. Baie geluk, moet nooit moed verloor nie en onthou dat dit swaar is om teen 'n berg uit te klim, maar dat die gevoel om bo-op die kruin te wees, vir al die swaarkry vergoed.

## Lewensredding — Affies presteer

**Geen lewe kan in gevaar verkeer met Martjie Roos en Michelle Phillips in die nabyheid nie! Martjie en Michelle het weer eens hierdie jaar Noord-Transvaalse-kleure in lewensredding behaal.**

Beide hierddie knap swemsters het op negejarige ouderdom met lewensredding begin. Michelle het ook dan in dieselfde jaar vir die eerste keer provinsiale kleure verwerf en Martjie het op twaalfjarige leeftyd in haar voetspore gevolg. Daarvandaan het hulle elke jaar die provinsie verteenwoordig en het hierdiejaar die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Bloemfontein bygewoon. Beide het onder die top tien geëindig en Martjie het 'n goue medalje verower. Volgens hulle was dit 'n wonderlike ondervinding en iets wat hulle altyd sal onthou. Hulle onderneem om aan te hou met lewensredding met die moontlikheid van Springbokkleure glad nie uitgesluit nie!